Kurrikulum Direktoraat: AOO			LESPLAN
Vak	**Afrikaans EAT**	**Kwartaal**	**1**
Graad	**7**	**Week**	**1-2**
Skakel met onderrig–en assesseringsplan	**Luister en Praat :** Luister met begrip – (Luister na maats wanneer hulle hulself bekendstel) Luister dan na 'n kortverhaal. Volg die luisterproses: Pre- luister stel die leerder bekend aan die luisterproses; Tydens luister – beantwoord vrae, herkenning van woorde, vergelyk, maak aantekeninge en interpreteer; Post-luister volg die luisterervaring op. Leerders vertel 'n storie uit eie ervaring **Lees en kyk :** Gebruik teks(kortverhaal-Ses) : Vluglees; Soeklees; Aandagtige lees; Maak afleidings Afleiding van betekenis van onbekende woorde deur woordaanpakvaardighede; Manipulerende taal; Formele/Informele taal. Beantwoord vrae oor kortverhaal. **Skryf en Aanbied** : Volgende les **Taalstrukture en Konvensies *Woordvlakwerk***: Soortname ***Spelling en Leestekens:*** *Hoofletters* ***Woordeskat binne konteks***		
Inleiding	• **Sport** • Bekendstellingkonvensie		
Konsolidasie	• Neem deel aan sinvolle gesprekke oor daaglikse nuusgebeure • Lees daagliks		
Papiergebaseerde bronne: Werkboek Flitskaarte met woordeskat Teks kenmerke Werkkaart met vrae Kortverhaal Woordeboek		**Digitale bronne:** https://wcedeportal.co.za/curriculum-supporthttps://wcedeportal.co.za/partners/#103031	
AKTIWITEITE VIR DIE ONDERWYSER	**VAARDIGHEDE** **(WAT ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**ONDERRIGMETODOLOGIËE / BENADERING** **(HOE ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**Hulpbronne / LOOM** **(WAT ek gaan gebruik om te onderrig / begelei / ondersteun .)**
	Luister en Praat ▪ *luister na medeleerders se bekendstelling* ▪ *Leerder luister na kortverhaal* ▪ *Luister krities. (Vrae word vooraf gegee sodat leerders weet*	Vra leerders om hulle aan die res van die klas bekend te stel. Kortverhaal word voorgelees. Individuele leerders kan lees. (U kry dus sommer 'n oorsig van leerders se leesvermoë)	Kortverhaal (Ses) Flitskaarte met woordeskat

	waarop om te fokus) ▪ *Leerders bespreek inhoud /karakters ens van kortverhaal.* ▪ *Leerders gebruik nuwe woorde in sinsverband.*		
	Lees en Kyk **Volg die leesproses:** Pre-, gedurende en postlees ***Aktiveer voorafkennis*** *Vra vrae binne leerders se ervaringsveld om as aanknopingspunt vir die teks te dien.* ***Werk met woorde en ontwikkel woordeskat*** *Leerder identifiseer kenmerke van 'n kortverhaal vanaf teks.*	Vluglees en Soeklees Lees kortverhaal. Maak afleidings van betekenis en maak gevolgtrekkings. Taalstrukture en -konvensies kan ook nou binne konteks onderrig word.	Kortverhaal Vraelys met begripsvrae
	Skryf en Aanbied Opvolg les		
	Taalstrukture en Konvensies **Integreer taalstrukture en Konvensies** **Leestekens en spelling:** hoofletters, woordeskatuitbreiding **Taalfokus 1:** Soortname	Doen taal in konteks. Integreer taastrukture in elke les **Leestekens en spelling:** hoofletters **Taalfokus 1:** soortname Leerders omkring soortname in teks.	Enige bronne vir vasleggings aktiwiteite

AKTIWITEITE VIR DIE OUER	Gesinslede stel hulself voor aan mekaar Bespreek hul gunsteling stokperdjies/ sportsoorte ens.	Aangesien dit leerder se addisionele taal is, word gesprekke in Afrikaans aangemoedig om woordeskat uit te brei.	Koerante Televisie Radio ens
AKTIWITEITE VIR DIE LEERDER	**Leerderaktiwiteite:** 1. Luister na mede leerders se bekendstelling. 2. Neem deel aan klasbesprekings. 3. Skryf woordeskat neer. 4. Voltooi taalaktiwiteite (Soortname, spelling en hoofletters)		

Ses

Riana Scheepers

Die meisiekind hol agter die tennisbal aan waar dit half teen die skouer van die pad afgerol het. Net bokant haar druis die verkeer in die pad verby. Sy kan die karre ruik waar hulle in ‘n lang ry voor die robot staan en sputter, sy kan hulle hoor grom. Die bestuurders rev die karre van haastigheid. As die robotte na groen oorslaan, brul hulle en storm vorentoe. Die bal het byna in die pad gerol. Dit lê in die dik gras net aan die onderkant waar die teer begin.

‘n Vier vir Tollie. Of tel dit nou vir ses? Sy tel die bal op en gooi dit vir Rodney wat hande-in -die-sye-kwaad daarvoor wag. Hy moet boul.

“ Jy moet wakker slaap, meisiemens,” skree hy vir haar,”ons stuur jou huis toe as jy hier staat en niks doen nie!”

“Aag , voesêk jy, “ skree sy terug, ‘ek maak jou team vol!”

“Hei, hei jy. . .maak oop jou oge!” skree Rodney vir haar. Sy het nie die bal sien kom nie. Sy het staan en kyk na die seemeeue wat skuins bokant hul koppe draai en skreeu en vlerkklap. Die bal het reeds verby haar teen die skuinsste tussen die grasse ingeskiet.

“Loop kry daai bol voordat dit onner die lorries kom! As jy wil saamspeel hier, sal jy jou oge moet begin oopmaak!” skree James. James is aan haar kant. Hy is op die covers.

“Nou kry dan jou pote bymekaar en váng die bol as hy jou kant toe kom!” Die kinders speel. Die driehoek stuk wilde veld tussen die N2 en die afdraai Guguletu toe is krieketveld. Die karre jaag aan drie kante verby, al óm die krieketveld. Tref die bal die pad of oor, is dit ‘n ses. Aan die ander kant van die afdraai Gugs toe staan die woonstelblokke waar hulle bly. Vra iemand jou waar jy bly en jy sê ‘by daai lelike flêtse”, dan weet almal waar dit is. As dit reën, staan die krieketveld ‘n dam vol water en dan kom die seemeeue daarin bad. Hulle vlieg sowaar reguit van Rocklands en Kampsbaai af Mitchells Plain toe om hier in die water te kom sit, dink sy.

Sy staan weer en wag. Kyk hulle uit.

Tollie se team is besig om te wen. Die ander twee van Tollie se team is uit en hulle score is al 31. En Tollie het nou die bat en hy’s ‘n bliksem met ‘n bat, hy wéét dit ok , simpel ding. Dis Eldrid se bat. Hy het dit een middag langs die skool se krieketbaan opgetel nadat Jan van Riebeeck -laerskool teen hulle gespeel en nog verloor het ook. Hy het die bat gevat en nie vir meneer daarvan gaan sê nie, optelgoed is vatgoed, dis syne fêr en skwêr.

Rodney, James en ‘n meisiekind, eldrid, Selwyn en Tollie.

Rodney se team gaan lose, so seker soos niks, sy weet dit sommer. Tollie slaan weer die bal, maar James is daar. Tol kry net een lopie by. Rodney loop terug vir die boul tot by die stuk plastiek wat hulle met ‘n

baksteen vasgepak het. Hy vee, vee die bol teen sy broekspyp, spin dit in die lug in met ‘n draai van sy pols en vang dit weer.

Jonty Rhodes, ek sê.

“Ek wil ok ‘n slag boul,” skree sy vir Rodney net voordat hy wil wegspring. “Ek moet net hier staan en hol vir julle.” Sy moet hard skreeu dat hy haar bo die lawaai van ‘n groot lorrie kan hoor.

“Jy moet eers wys dat jy ‘n bol kan vang.”

“Vang jy maar net die bol en hou op moun,” skree Tollie agter die bat.

Sy vervies haar.

“Ek loop nou. Ek willie meer speel nie, ek gaan hys toe.”

Sy trek haar rok, wat sy in haar pentie ingedruk het vir die hardloop, weer uit. Sy loop.

Hulle kan maar hulle ou krieket hou, hulle dink sy is stjupid net omdat sy ‘n meisie is. Wat hulle nie weet nie is dat ‘n meisiemens veel beter is met dinge, selfs om ‘n bol te vang, antie Mary het self so gesê, party vroue is soos blits op ‘n bol. En meisies is slimmer op skool en gouer groot en hulle weet van allerhande dinge nog voordat seuns daarvan weet omdat hulle hul oge kan oophou en dinge sien wat seuns nie eens van weet om na te kyk nie wê.

Sy loop en hoor hulle ewe skielik hard en opgewonde agter haar skrou. Sy draai om en kyk op, sien die bol met ‘n helse boog na haar kant toe aankom.

Sy hoor hul stemme, sien vaagweg hoe hulle almal in verskillende rigtings hol. Tollie na die baksteen en die plestiek toe, Rodney en James na haar se kant toe., maar hulle sal dit nooit maak ne, dis ‘n ses all right, al het sy nog nooit een gesien nie.

Tensy sy dit gevang kan kry.

Catchers. Whap, klaar met Tol en sy blerrie bek.

Sy begin hardloop.

Onder die bal in. Daar waar die bal sal val, daarheen hol sy. Sy voel nie die grond en die grasse onder haar voete nie, en sy kyk nie vir glasstukke en die ysters en die goete wat hier rondlê nie. Haar oë bly op die groengeel bal wat soos ‘n son en ‘n klip en ‘n engel na haar toe aankom. Sy gaan hom vang, sy wéét dit. Sy hol na die bol toe wat kom, sy hol uit teen die hoogte en die bal kóm na haar hande wat sy altwee uithou en sy hoor nie

,,,

Taalstrukture en -konvensies

Lees die sinne en vul die korrekte woord in:

1. Ek dink aan iets wat jy aan jou voete dra. Dit rym met soene:
2. Ek dink aan iets wat jy in die winter dra. Dit rym met pas:
3. Ek dink aan iets wat jy oor jou nagklere aantrek. Dit rym met son:
4. Ek dink aan iets wat jy ook aan jou voete dra. Dit rym met bekkies:
5. Ek dink aan iets wat jy om jou bene dra. Dit rym met soek:
6. Ek dink aan iets wat jy wat jy in die winter aan jou hande dra. Dit rym met lemoene:
7. Ek dink aan iets wat dogters en vrouens dra. Dit rym met bok:
8. Ek dink aan nog iets wat jy aan jou voete dra. Dit rym met smouse:
9. Ek dink aan iets wat jy by jou broek insteek. Dit rym met demp:
10. Ek dink aan iets wat jy in die somer aan jou voete dra. Dit rym met telefoonpale:

Skryf die volgende sinne korrek oor. Begin met die hoofletterwoord!

1. venster Ek by die kyk uit
2. Ek die tafel op klim
3. ‘n beker Ek drink uit
4. Ek stoel op die sit
5. in die ry Ek staan
6. my ma Ek gee geld die vir
7. oor die straat Ek stap
8. my nuwe kat vertel ek jou van
9. lê op die vloer pen Die nuwe
10. Lebo en Mercia tussen Ek sit
11. die swembad Ek spring in
12. in die ry voor Ek staan
13. bed slaap Ek my in
14. my klere Ek bêre my in kas
15. ‘n mes en vurk Ek met eet

Kies die regte spelling tussen hakies.

1. Die (veld/velt) se gras is netjies gesny.
2. Die aflosatleet het die (stokie/stokkie) laat val.
3. ‘n Lastige (flieg/vlieg) draai om die atleet.
4. Die (atleete/atlete) moet goed opwarm voor die resies.